**4 Maart** **Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14**
**HK, Vraag 63**

## Wat ons kortkom om ons lewe die regte gewig te gee

Wat ’n neerdrukkende gedagte om ’n mens se dag met hierdie woorde te begin: “Onvolmaak, met sonde besmet. Te lig bevind!” Nee, God is juis genadig om ons te waarsku om nie te probeer om met ons eie optrede en vroomheid in die hemel te kom nie. Ons kan nie. Die beloning, naamlik die ewige lewe wat ons ontvang, word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee. Daar waar Jesus aan die kruispaal vasgespyker is, het Hy ons lewensprys as die betaling van ons sondes op die skaalbak van die Vader se hand geword. Daar waar ek en jy moes wys ons kan betaal, het Hy die skaal in ons guns laat swaai!

1 Korintiërs 4:5 leer dat ná alles aan die lig gebring is, sal elkeen die lof ontvang wat hom toekom. In Matteus 5:12 sê Jesus: “Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel.” Wanneer die Skrif so van ons beloning in die lewe hierna praat moet ons net aan Jesus Christus se verdienste vashou. Ons sal gratis en verniet seën ontvang, al was ons goeie werke hoe gering en onvolmaak.

Wat ’n genade as ons soos die tollenaar in die gelykenis dit kan regkry om te sê: “O God, wees my arme sondaar genadig.” Hy weet dit is soos wat God hom sien, hy kan nie sy gebreke wegsteek nie. Met sy losgeslane lewe is daar naby die tempel vir hom nog hoop. Hy hou sy oë gevestig op God se verlossing, want uit homself is hy niks! Ja, ek kan wel die dag dankbaar begin of afsluit met die wete: Wat ek is, is net genade!

*Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~